

## Wêreldomgewingsdag 2026: Nie sommer nog 'n 'dag' nie

Ruda Murray\*

Ons leef in 'n era van eindelose “dae”. Wêreld-emoji-dag, Pannekoekdag, Drukkiedag, Star Wars-dag, Internasionale Burgerdag, UFO-dag, Wêreldsjokoladedag, Teddiebeerdag, Nasionale Koffiedag – die kalender het 'n oorlaaide terrein van mededingende mikro-herdenkings geword. En dalk juis daarom maak die meeste van hulle slegs 'n vae indruk. Nog 'n dag, nog 'n plasing, nog 'n hutsmerk.

Wêreldomgewingsdag, wat jaarliks op 5 Junie gevier word, is nie sommer nog 'n opgemaakte geleentheid nie.

Dit is in 1972 deur die Algemene Vergadering van die Vernigde Nasies (VN) tot stand gebring en herdenk die opening van die Stockholm-konferensie oor die Menslike Omgewing – die eerste groot multilaterale beraad wat omgewingskwessies op die internasionale wetlike en politieke agenda geplaas het. Die Stockholm-verklaring, met sy 26 beginsels, het iets verwoord wat vandag steeds van krag bly: Omgewingsbeskerming is onafskeidbaar van menswaardigheid, ekonomiese ontwikkeling en die reg op lewe.

Dit gesê, die gaping tussen erkenning en implementering is niks nuuts nie. Dit duur al dekades lank voort. Omgewingsbestuur het uitgebrei deur verdrae, binnelandse wetgewing en transnasionale raamwerke, maar wetstoepassing bly gefragmenteerd, onderbefonds en dikwels polities ingeperk.

Die paradoks is bekend aan elkeen wat in hierdie veld werk: ons het nog nooit meer geweet nie, en ons het nog nooit stadiger beweeg wanneer kennis aksie vereis nie.

Die planeet werk natuurlik nie volgens ons tydlyne nie. Dit stuur sy eie alarms deur stygende seevlakke, erger hittegolwe, veldbrande en die ineenstorting van biodiversiteit. Vir dekades lank is daardie alarms dikwels begroet met uitstel, afleiding en volstreekte ontkenning. Die veldtogfrase vir Wêreldomgewingsdag 2026 (“ons het gesê 1,5 °C is die limiet. Ons is besig om dit te oorskry”) is retories skerp. Tog verwoord dit ook 'n feitelike trajek waaroor die klimaatswetenskapsgemeenskap reeds jare lank waarsku.

Volgens die *Global Environment Outlook 7 (2025)* vererger die situasie vinniger as wat vroeëre projeksies aangedui het. Tot een miljoen spesies word deur uitwissing in die gesig gestaar. Tussen 20% en 40% van die wêreld se grond is reeds gedegradêr. Afvalproduksie sal na verwagting teen 2050 sowat 3,8 miljard ton bereik. En die huidige klimaatsbeleid plaas die wêreld op pad na 2,4 °C tot 3,9 °C se verwarming, veel hoër as die Parys-ooreenkoms se temperatuurdoelwitte.

In Suid-Afrika is hierdie druk al hoe meer sigbaar in wateronsekerheid, die agteruitgang van biodiversiteit, infrastruktuurmislukkings, uiterste weersomstandighede en toenemende druk op reeds brose ekologiese stelsels.

Die Stockholm-konferensie was in retrospek 'n waarlik transformerende oomblik in die internasionale reg. Toe 122 state in 1972 byeengekom het, was die wêreld merkbaar anders, met 'n laer bevolking, laer atmosferiese koolstofkonsentrasies en minder sigbaar gedegradêrde ekosistems. Tog het die Verklaring selfs toe al erken dat menslike aktiwiteit die planeet fundamenteel begin verander het. Beginsel 6 het gewaarsku dat die mensdom se mag om die omgewing te transformeer, die lewe óf kan verbeter óf “onherstelbare skade” kan veroorsaak.

Vandag is daardie waarskuwing 'n geleefde werklikheid vir baie. En tog is daar ook stiller tekens van verandering. Die ontplooiing van hernubare energie het versnel. Stadsbeplanning inkorporeer ekologiese maatstawwe. Die herstel van woude vind op plekke plaas, al is dit oneweredig. Kunsmatige intelligensie en digitale tegnologieë word toenemend gebruik om ekosistels te monitor, klimaatsmodellering te verbeter en meer volhoubare landbou- en grondgebruikpraktyke te ondersteun.

Terselfdertyd weerspieël die wêreldwye oorgang na groenwaterstof toenemende pogings om energiestelsels buite die afhanklikheid van fossielbrandstowwe te herverbeel. Gemeenskappe, instellings en individue reageer. In sommige jurisdiksies begin regstelsels selfs die mensdom se verhouding met die natuurlike wêreld heroorweeg deur ontluikende benaderings tot die "regte van die natuur" (rights-of-nature).

Die tema vir Wêreldomgewingsdag 2026 is Klimaataksie. Die omvang van die tema weerspieël die skaal van die uitdaging: klimaatsverandering is nie meer 'n toekomstige omgewingskwessie nie, maar 'n huidige bestuursuitdaging wat ekonomieë, ekosistels, stede, voedselstelsels en menseregte gelyktydig vorm.

Vir diegene buite die regering of formele beleidmaking is die skaal van die krisis soms verlamrend. Dit is maklik om te dink dat individuele aksies onbeduidend is. Omgewingsverandering word egter nie net gedryf deur beleid van bo af nie. Dit word volgehou of weerstaan deur daagse keuses, sosial norme en die kumulatiewe druk van georganiseerde openbare groepe.

Dit is waar universiteite 'n rol het wat dikwels onderbestudeer is. Universiteite is nie net produsente van kennis nie, maar ook terreine van invloed, normskepping en institusionele modellering. My eie instelling, die Universiteit Stellenbosch, het beginsels van omgewingsvolhoubaarheid in sy operasionele en bestuursraamwerke geïntegreer – verantwoordelike hulpbrongebruik, gemeenskapsbetrokkenheid, ondersteuning vir innoverende navorsing en etiese verkryging. Die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's)/2063 Impact Hub is een meganisme om navorsing en vennootskappe met die VN se VOD's en die Afrika-unie se Agenda 2063 belyn te kry.

Hierdie jaar se Wêreldomgewingsdag is dus nie bloot 'n geleentheid vir simboliese gebare nie. Dit is 'n geleentheid vir hernude aandag – aan die aarde, natuurlik, maar ook aan die wetlike en institusionele stelsels waarin ons leef, en die rolle wat ons daarin speel.

Want die ongemaklike werklikheid is dít: die landskappe wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar, sal dalk nie in hulle huidige vorm voortbestaan nie. Die Stockholm-verklaring het gewaarsku dat 'n punt bereik sal word waar die mensdom met groter omsigtigheid moet optree wat betref die omgewingsgevolge van sy dade.

So nee, dit is nie sommer nog 'n "dag" nie. Dit is 'n herinnering aan wat ons kan verloor, wat oorbly, en wat ons nou moet kies om te beskerm deur middel van wetgewing, beleid en die alledaagse maar werklike werk van institusionele verandering.

*\*Dr Ruda Murray is 'n gekwalifiseerde regsgeleerde en 'n postdoktorale navorsingsgenoot in die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit Stellenbosch (US). Sy is ook 'n navorser by die US se DROP-program (Development and Rule of Law). Haar doktrale proefskrif, "Conferring Rights to South Africa's Rivers: Improved Protection and Enforcement? A Comparative Law Study", word in Junie 2026 deur Nomos Verlag uitgegee.*